# Dienelkander

**Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos**

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 12 Februarie 2023

**09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter**

‘n Halwe wonderwerk in Betsaida? ‘n Mislukte genesing? Hoekom het die blinde man van Betsaida nie behoorlik kon sien nadat Jesus sy oë genees het nie? Hoekom was ‘n tweede genesing nodig?

Dis was nodig sodat Jesus sy dissipels en ons leer dat ons seker moet maak dat ons Jesus sien vir Wie Hy werklik is. Ons kan blind word vir die ware Jesus vanweë ons eie behoeftes en begeertes in ons verhouding met Hom! Ons kan blind word vanweë ons volgehoue sonde en onbekeerlikheid. Ons kan blind word vir Hom wanneer ons Satan toelaat om ons aandag af te trek of ons visie te versteur!

In Heb. 12: 2 en 3 word ons juis opgeroep om in die wedloop van die lewe ons oë op Jesus gerig te hou! Geloofsblinde mense sal nie die wedloop met volharding kan voltooi nie!

Sien jy Jesus vir wie Hy werklik is? Is jy seker? Wie die “verkeerde Jesus” raaksien, leef sonder hoop, vrede en vreugde! As jy Jesus nie raaksien vir wie Hy werklik is nie, kan jy Hom ook nie dien soos Hy dit wil hê nie. Nie in die kerk nie en ook nie in die wêreld nie!

Dit is waarom ons vanmore moet vra: “Here, genees ons oë sodat ons U duidelik kan sien!

**Tema: Net Jesus kan jou Hom laat sien vir Wie Hy werklik is!**

**Lofsang ter voorbereiding van die erediens**
Nuwe Sb 1 - 10: 1, 2, 3 en nuwe Sb 14 - 6: 1

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Ps 43 - 1: 3, 4; Votum; Seën; Loflied Ps 97 - 2: 1, 2, 5; Geloofsbelydenis: 12 Artikels almal hardop saam.

**Ons verootmoedig ons voor God**
Wet: 1 Joh 1: 5 - 2: 11; Sing Ps 119 - 1: 39, 42; Gebed;

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Markus 8: 14 - 9: 1
Teksverse: Markus 8: 17 - 19 en 24 - 25 en 29.
Sing Ps 119 - 2: 11, 26 (Kleuters gaan na hulle bediening); Woordverkondiging;

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing: Sb 15 - 8: 1, 2, 3 (Mel van Sb 15 - 7); Seën; Amenlied: Sb 13-1.

**Liefdegawes vandag**: Diakonie (Groot boks) en vir die GKSA: Sustentasie (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.

**17:00 GESAMENTLIKE GROEPSBYEENKOMS**

Ons wil graag inligting deurgee aangaande materiaal wat die kerkraad aangekoop het vir gebruik deur kleingroepe. Ons wil ook praat oor die moontlikheid van ‘n gestruktureerde program van toerusting van kleingroepleiers. Tweedens wil ons ook kleingroepe se insette verkry in verband met die beplande Bedieningsbesinningsdag van Saterdag, 25 Feb.

Kleingroepe wat nie die sinode terugvoer wil bywoon nie, is welkom om na die gesamentlike byeenkoms hulle eie byeenkomste voort te sit.

**18:00 SINODE TERUGVOER**

Ds. Piet gee terugvoer oor die belangrikste sake van die Sinode en sal vrae probeer beantwoord.

**GOD SE WOORD WYS HOE BELANGRIK DIT IS DAT ONS MOET BID!**



*1 Timotheüs 2:1 Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word, (2) vir konings en vir almal wat gesagsposisies beklee, sodat ons 'n rustige en stil lewe, in alle godvresendheid en waardigheid, kan lei. (3) Dit is goed en reg in die oë van God, ons Verlosser, (4) wat wil hê dat alle mense verlos word en tot kennis van die waarheid kom”*

Dankbaarheid

- As gemeente is ons dankbaar teenoor ons Here dat Hy Ds Piet ‘n tyd van rus gegee het en waartydens Hy hom bewaar het. Ons is dankbaar dat Ds Piet weer tot sy dienswerk in die gemeente kan terugkeer en loof die Here wat herders en leraars gee om aan sy kudde die Woord te bring.
- Ons is dankbaar teenoor die Here dat Hy ook die sinode gelei het om belangrike besluite te kon neem. Ons is waarlik sy diensknegte en ons skiet tekort aan wysheid en daarom bly dit ‘n voortdurende gebed om wysheid vir ons kerke om volgens sy Woord te wandel.

Ons bid

- Ons bid vir die Here se wysheid en waarheid om ons harte en vrese tot ruste te bring rakende die pad wat vir die GKSA se Teologiese opleiding voortlê. Net die Here weet wat die toekoms inhou. Ons bid dat die Here arbeiders vir die oes sal stuur, dat daar manne sal wees wat die roeping sal ondervind en dit opvolg.
- Vir ons eerste kleingroepsamekoms wat plaasvind. Ons bid tot ons Here dat Hy ons regtig sal lei om nie net in die geloof te groei nie, maar ook as lidmate in verhoudings van omgee met mekaar.
- Ons bid vir ons sustersamekoms wat DV 21 Februarie sal plaasvind. Ons bid dat die Gees se nabyheid en leiding kragtig in hierdie saam-wees en saam vergader sal wees.
- Ons bid dat die Here aan ons as gemeente wysheid gee waar ons gemeente gaan vergader om te besin oor ons as God se gemeente. Bid dat die Here ons sal lei om te sien waar Hy besig is om te werk en waarheen Hy ons lei om nog in geloofsvolwassenheid te groei.
- Ons bid vir die inwoners van Turkye en Sirië wat deur ‘n verwoestende aardbewing getref is en waar die dodetal tot byna 12 000 gestyg het. Ons bid dat die Here in die hierdie ramp uitkoms en troos sal gee. Ons bid dat hierdie ramp as te ware vir hierdie inwoners ten goede sal meewerk alhoewel dit nie nou so lyk nie. Ons bid dat mense hulle afhanklikheid van God sal besef. Ons bid dat die Here harte sal oopmaak om ook in hierdie situasie na hierdie mense uit te reik.

- Ons bid dat die Here die kerk in haar roeping om vredemakers in Suid-Afrika te wees te laat uitleef. Ons bid dat die kerk die versoenende genade van Christus aan verskillende klasse en rasse in Suid-Afrika sal bedien. Ons bid vir wysheid vir ons leiers om so te regeer dat ons ‘n rustige en stil lewe mag lei.

## MEELEWING

- Andries du Plessis het Woensdag ‘n operasie aan sy kaak en wang ondergaan en sterk tuis aan. Weefsel is gestuur vir toetse en ons vertrou dat die uitslae gunstig sal wees.
- Boet Schoeman het ernstige ontsteking waarmee hy in die hospitaal beland het. Hy is steeds op antibiotika en sterk tuis aan. Marthie se kroniese pyntoestand weens erge osteoporose gee haar ook baie las.
- Frans en Heidie van der Walt (nuwe lidmate wat ons volgende Sondag verwelkom) se vader, Hannes van der Walt, is die afgelope week in Huis Eikelaan oorlede. Ons bid hulle die troos van die Here toe.
- Mariana Kruger sukkel met haar gesondheid en was in die hospitaal opgeneem vir behandeling.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen, Mariana du Plessis, Erika Rood, Marie Oosthuizen en Rita Schutte.

## BAIE GELUK

- Thys en Linda Botha het ‘n kleindogter ryker geword. Hulle is reeds met 6 kleinkinders geseën.
- Dawie en Alta se kleinseun, JD, het gekwalifiseer om aan die SA’s deel te neem in die 400m, 800m en 1500m.
- Hans en Elma Leijenaar se kleinseun, Rico, is aangewys as Gimmies se senior landloopseun. Hy het ook die toekenning vir die veelsydigste Senior Sportseun ontvang.
- Eddie en Ansa Coetsee se seun, Dewald, het by Gimmies ‘n trofee ontvang vir junior skaakspeler.
- Dana Schutte was 1ste in VET50 SA’s “Championship Time trail” in Oudtshoorn en Ryno was 2de in die SA Pad-kampioenskappe, in criteria – dag 1.

## ONS VERWELKOM GRAAG VIR

- Riekert, Tanya en Dylan (Gr 6) van Lith wat met attestaat kom van GK Potchefstroom. Hulle woon in Louis Leipoldt str 10, Groep 10. ‘
- Renco en René met Revan, Renso, Ruco van Niekerk wat opgeneem word in die Geref Kerk. Hulle woon in Hattinghstr 4 D Gr 12.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en sap
Kleuterbediening
Katkisasie: Les 4
11:00 Diakonie: Vergadering
17:00 Gesamentlike groepsbyeenkoms
18:00 Sinode: Terugvoer

**Maandag**
17:00 Gholfdag
18:00 Kommunikasiediensgroep

**Dinsdag**
06:00 Manne ondersteuningsgroep
17:00 Eiendommediensgroep

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
18:30 Elim-Bybelstudie

**Vrydag**
Gholfdag

**AFKONDIGINGS**

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die GKSA: Sustentasie (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir die Teol. studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 30 en 31.

**BEDIENINGBESINNING - 5 JAAR SEDERT VLAMVAT - WAT NOU?**

Op Saterdag, 25 Feb, nooi die Bedieningsdiensgroep alle lidmate om saam te kom besin oor ons gemeente se Bedieningsfokusse en planne vir die volgende 3 jaar. Vyf jaar het verloop sedert die Vlamvat - inisiatief (Covid het 2 jaar daarvan gesteel) en nou moet ons weer vra: Wat het ons beplan, wat het gebeur en wat moet nou vorentoe gebeur? Kom bid en dink saam vanaf 06:30 tot 12:00 op Saterdag, 25 Feb. Alle Ouderlinge, Diakens, Diensgroepleiers, Groepleiers, Sustersbestuur en Groepsusters word spesiaal genooi!

**VERJAARSDAE**

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 12 Februarie**
Br Francois du Toit

**Maandag, 13 Februarie**
Jsr Lientjie Bezuidenhout
Sr Corlia Labuschagne
Br Pieter Pretorius *
Jsr Linè v Vuuren

**Dinsdag, 14 Februarie**
Br Louis Freeke

**Donderdag, 16 Februarie**
Jbr Ruben Booyens
Sr Merichia du Plooy
Sr Liza J v Rensburg
Jsr Sanmarie Velloen

**Vrydag, 17 Februarie**
Br Koot vd Walt

**Saterdag, 18 Februarie**
Sr Heleen Coetzee
Br Cobus Engelbrecht
Jbr Nicholas Schreck
Sr Leana vd Walt

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

**GHOLFDAG: 17 FEBRUARIE 2023**



Datum: Vrydag, 17 Februarie.
Afslaan: 10:30 “Shotgun start”
Formaat: “Betterball Stableford, Scramble drive”
Kostes: R2 000 p/vierbal

Kom ondersteun ons asb deur 4-bal-inskrywings of om as putjieborge op te tree.
Kontak gerus:
Walter Plotz (083 487 7497)
Ryan Bezuidenhout (082 464 6310)
Nicolaas Erasmus (074 671 6932)

**GEMEENTELIKE BEGROTINGSPROSES VIR 2023 - 2024 BEGIN**

**Dankoffers van lidmate**
Die ouderlinge sal aan alle lidmate die jaarlikse Dankoffervorm beskikbaar stel. Die kerkraad versoek dat u hierdie vorm invul as ‘n aanduiding van u Dankoffer vir die volgende 12 maande sodat die kerkraad ‘n verantwoordelike begroting kan opstel. Die vorm moet nie gesien word as ‘n vaste belofte nie aangesien die kerkraad weet dat mense se finansiëfle omstandighede kan verander. Besorg u vorm sou gou moontlik terug aan u ouderling of die Kerkkantoor.

**Diensgroep voorsitters - neem kennis:**
Die verskillende Diensgroepe moet teen Vrydag 17 Feb. hulle begrotings vir die jaar aan die Fin DG besorg.

**Gemeentelike insette**
Enige lidmaat kan insette by die Fin DG gee. Sodra die Finansiele Diensgroep die begroting

opgestel het en die kerkraad dit goedgekeur het, sal dit aan die hele gemeente voorgehou word vir goedkeuring.

**GKSA-NUUS**

Beroep ontvang
Dr G (Griffel) van Wyk van GK Rustenburg na GK Rietvallei as medeleraar.

Beroepe aanvaar
- Proponent I de V (ID) Nagel na GK Uitschot.
- Proponent F (Floris) van Jaarsveld na GK Stilbaai.

## ALGEMENE INLIGTING

**LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)**

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

**KONTAKBESONDERHEDE**

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Barend vd Westhuizen - 079 337 8148
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 /
082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

**BANKBESONDERHEDE**

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**





# SUSTERS

ROM. 1:16 "EK SKAAM MY NIE OOR DIE EVANGELIE NIE, WANT DIT IS 'N KRAG VAN GOD TOT REDDING VAN ELKEEN WAT GLO."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Marna Naude en groep 19, asook Lana Laufs en groep 28.


## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**

## SUSTERSBYDRAE



Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Daar is koevertjies vir hierdie bydraes in die voorportaal, van die kerk (in die poshokkies) beskikbaar. Die suster wat nie eenmalig kan bydra nie, het dan die geleentheid om elke maand 'n geldjie in haar koevert weg te sit en later deur die jaar in te handig.


Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## SUSTERSAMEKOMS: 21 FEBRUARIE




## KWARTAALPROGRAM

| EERSTE KWARTAAL | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
| **21 Feb** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok D** | **Sustersamekoms** |
| 25-Feb | Saterdag | 09:00 | Bestuur | Bedieningsbesinningsdag |
| 5 Maart | Sondag | 18:30 | Blok A | Ouderlingverversings |
| 12 Maart | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |



# Oosdoppertjies

Ons kinders se deelname aan die erediens. Ons dink aan ons Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom!

Die erediens is ‘n ontmoeting tussen God en sy volk. Ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes. Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak gaan ons van volgende week af ‘n Kinderblad vir hul laat uitdruk. Dit sal reeds voor die erediens in die voorportaal beskikbaar wees. Daar sal ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar wees. Hierdie kinderblad sal aktiwiteite bied wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. As ouers kan u ook u kinders in hierdie blaadjie begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

**Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste**

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug ’n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur ’n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening is welkom om Marlise te kontak.

Kontakpersoon: Marlise Styger (marlise.venter@gmail.com of 0836558145)